

Agtergrond

Op 1 Junie 2006 het die Nasionale Kredietwet (NKW) 34/2005 (WNK) en die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) in werking getree. Die Nasionale Kredietreguleerder is verantwoordelik vir die toepassing van die Wet.

Wat is 'n Kredietburo?

'n Kredietburo is 'n maatskappy wat inligting insamel en elke verbruiker se kredietgeskiedenis op datum bring. 'n Kredietburo skep 'n rekord van verbruikers se kredietinligting, wat aantoon hoe die verbruiker sy of haar krediet bestuur.

Die kredietburo voorsien hierdie rekords aan kredietverskaffers soos banke, kleinhandelaars en ander kredietverskaffingsmaatskappye. Die inligting toon elke verbruiker se betalingsrekord. Dit word ook gebruik om bedrog, korrupsie of diefstal te ondersoek.

Wanneer ek by 'n kredietverskaffer aansoek doen om krediet, wie besluit of ek vir krediet kwalifiseer of nie?

Wanneer u om krediet aansoek doen, gebruik die kredietverskaffer inligting wat van 'n kredietburo verkry is om u aansoek te evalueer. As u kredietrekords aan die kredietverskaffer se vereistes voldoen, besluit die kredietverskaffer om krediet aan u te verskaf. Dit is die bank, kleinhandelaar of kredietverskaffer wat die kredietaansoek goedkeur of afkeur, en nie die kredietburo nie.


Wat doen die Wet?

- Die Wet bepaal dat elke kredietburo by die Nasionale Kredietreguleerder moet registreer om wettig sake te kan doen;
- Dit bepaal die doelstellings waarvoor verbruikerskredietinligting gebruik mag word, en aan watter maatskappye kredietburo's die inligting mag verskaf;
- Dit bepaal standarde vir die akkuraatheid van data, om te verseker dat inligting wat kredietburo's op u rekords hou, altyd akkuraat is;
- Dit verseker dat elke verbruiker die reg het om sy of haar rekords na te gaan, en dat enige foute reggestel moet word.

Wat is my regte?

U het die reg:

- Om in kennis gestel te word indien die kredietverskaffer van voornemens is om negatiewe inligting oor u by 'n kredietburo te rapporteer, voordat die kredietverskaffer u rapporteer;



- Om 'n afskrif van u kredietrekords van 'n kredietburo te ontvang wanneer u dit versoek. U kan een gratis rekord per jaar ontvang, maar die kredietburo kan 'n fooi vir enige verdere rekords vra;
- Om inligting wat deur die kredietburo gehou word, te betwis as u nie met die inligting tevrede is nie;
- Dat u inligting vertroulik gehou word, en dat dit slegs gebruik word vir die doelstellings soos deur die Wet bepaal.

Kredietburo's mag nie diskriminerende inligting, soos ras, seksualiteit, politieke affiliasie, mediese status, godsdienst of lidmaatskap van 'n vakbond, lys nie.

Waarvoor kan my kredietinligting gebruik word?

Kredietverskaffers gebruik u kredietinligting:

- Om vas te stel of u krediet kan bekostig of nie;
- Om bedrog, korrupsie of diefstal te ondersoek;
- Om u te oorweeg vir aanstelling in 'n posisie wat vertroue en eerlikheid vereis, en wat die hantering van kontant of finansies behels;
- Om vas te stel of u verskillende dienste kan bekostig of nie.

Kredietinligting help kredietverskaffers om vas te stel of verbruikers hulle finansiële verpligtinge sal kan nakom. Kredietinligting is voordelig vir verbruikers wat nie te veel skuld het nie en 'n goeie betalingsgeskiedenis het. Kredietinligting help sulke verbruikers om krediet te bekom, en voorkom dat hulle te veel skuld maak.

Hoe kan ek 'n afskrif van my kredietrekords kry?

U kan een keer per jaar by 'n kredietburo aansoek doen vir u kredietrekords, gratis; daarna teen 'n koste van nie meer as R20 per rekord nie.

Sal ek verwittig word voordat die inligting na die buro gestuur word?

Die kredietverskaffer moet u 20 werksdae kennis gee voordat die inligting by 'n kredietburo ingedien word. In hierdie periode moet u die kredietverskaffer of -buro inlig as die inligting nie korrek is nie.

- Klassifikasies van verbruikersgedrag, soos 'agterstallig', 'wanbetaling', 'stadige betaler', 'voortvlugtig' of 'nie bereikbaar nie';
- Klassifikasies wat verband hou met afdwingingsoptrede deur die kredietverskaffer, soos oorhandig vir invordering of verhaling, regstappe, of afskrywing.

PAID

Hoe kan ek seker maak dat die inligting wat 'n kredietburo het, korrek is?

U kan seker maak dat die inligting wat 'n kredietburo het, korrek is deur die volgende stappe te volg:


- Skakel die kredietburo;
- Maak seker dat u die korrekte persoonlike inligting het, bv. u ID-nommer en adres;
- Die buro sal 'n vorm aanstuur om te voltooi;
- Vul die vorm in en faks dit vir die buro;
- Die kredietburo kan u vra om 'n fooi te betaal, maar dit moet nie meer as R20 wees nie;
- Stel die buro in kennis as daar enige verkeerde inligting in u rekords is, of vra hulle om enige inligting waaroor u onseker is, te verduidelik.

Kan ek inligting wat die kredietburo het, betwis as ek nie daarmee saamstem nie?

JA! As u nie saamstem met die inligting wat die kredietburo het nie, kan u dit betwis en versoek dat hulle die inligting regstel. As hulle weier om die inligting reg te stel, kan u by die Nasionale Kredietreguleerder kla.

Die Kantoor van die Kredietinligtingsombudsman

Die Kantoor van die Kredietinligtingsombudsman los klagtes op van verbruikers en beshgede wat negatief deur Kredietinligting geraak word.



NCR
National Credit Regulator



Wie is die Nasionale Kredietreguleerder

Die Nasionale Kredietreguleerder is ook verantwoordelik vir die regulering van die Suid-Afrikaanse kredietbedryf. Dit is verantwoordelik vir die volgende:

- opleidingsveldtogte te implementeer;
- navorsing te doen en beleid te maak;
- klagtes te ondersoek;
- nakoming van die Wet te verseker.

Dit het ook die verantwoordelikheid om kredietverskaffers, **kredietburo's** en skuldadviseurs te registreer en te reguleer.

Die Nasionale Verbruikerstribunaal

Die Nasionale Verbruikerstribunaal verhoor sake wat handel oor nie-nakoming van die Wet, lê boetes op en bepaal vergoeding aan verbruikers. Verbruikers en kredietverskaffers kan na die Tribunaal appelleer teen enige besluit van die Nasionale Kredietreguleerder.

Die Tribunaal is 'n aparte instelling wat onafhanklik van die Nasionale Kredietreguleerder is. Die Tribunaal bestaan uit 'n voorsitter en ten minste 10 ander lede.

Hoe lank kan kredietburo's my inligting hou?

Kategorie verbruikerskredietinligting	Tydperk wat dit gehou kan word
Besonderhede en uitslag van geskille deur verbruikers ingedien	18 maande
Navrae Die aantal versoeke wat vir 'n verbruiker se rekord gerig is, insluitende die naam van die maatskappy of die persoon wat die versoek vir 'n verbruiker se rekord gerig het (en die kontakpersoon, indien beskikbaar)	Twee jaar
Betaalprofiel Feitelike inligting oor die betaalprofiel van die verbruiker. Dit sluit in die besonderhede van enige krediet wat verskaf is, die betalings wat ontvang is en of enige betalings laat was.	Vyf jaar
Ongunstige inligting Subjektiewe klassifikasie van verbruikersgedrag: Dit sluit in klassifikasies soos 'lank agterstallig', 'wanbetaal', 'stadig betaal', 'verdwyn' of 'nie bereikbaar'.	Een jaar
Skuldherstrukturering	Totdat 'n klaringsertifikaat uitgereik word
Siviele vonnisse 'n Vonnis wat deur 'n hof gegee is in 'n siviele geskil tussen individue of maatskappye (insluitende vonnis by verstek).	Vyf jaar of totdat die vonnis deur 'n hof ter syde gestel word of die kredietverskaffer ingevolge artikel 86 of die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 daarvan afstand doen
Administrasiebevele 'n Bevel wat deur 'n siviele hof verleen word wat die bestuur en tegeldemaking van die bates van 'n insolvente persoon (iemand wat nie sy skuld kan betaal nie) aan 'n regtens aangestelde persoon gee om te administreer totdat daardie persoon al sy skuld betaal het.	Tien jaar of totdat die bevel deur die hof teruggetrek word
Sekwestrasies Om wetlike besit van bates te neem totdat skuld betaal of daar aan ander eise voldoen is.	Tien jaar of totdat rehabilitasiebevel gegee word
Likwidasies Om die eiendom van 'n insolvente persoon regtens in die hande van 'n derde party (trustee) vir verdeling onder krediteure te plaas.	
Rehabilitasiebevele 'n Bevel wat deur 'n siviele hof gegee word vir die herstel van die kredietwaardigheid of reputasie van 'n persoon wat insolvent was (om in 'n vorige toestand te herstel).	Vyf jaar

Hoe kan ek 'n klagte rapporteer?

Ons het DRIE STAPPE om klagtes doeltreffend op te los. Volg hierdie stappe en jou klagte sal hanteer word.

STAP EEN

Kontak jou Kredietburo:

Kredietburo's ontvang inligting van kredietverskaffers. Hulle hou rekord van jou kredietgeskiedenis en kan jou help om inligting reg te stel wat nie akkuraat is nie.



As jou klagte nie opgelos word nie, gaan na stap twee!

STAP TWEE

Kontak die Kantoor van die Kredietinligtingombudsman.

Die Kredietinligtingombudsman kan die kredietburo versoek om jou klagte te hanteer en seker maak dat jou klagte opgelos word.



As jy nog steeds nie tevrede is nie, gaan na stap drie.

STAP DRIE

Kontak die NKR

Die NKR het 'n regsmandaat om kredietburo's en hulle besigheidsgedrag te reguleer.



TransUnion ITC	
Oproepsentrum:	0861 482 482
Experian SA	
Oproepsentrum:	0861 105 665
Xpert Decisions Systems (XDS)	
Telefoon:	011 645 9100
Micro Lenders Credit Bureau (Microlending)	
Oproepsentrum	0861 287 328
Compuscan Information Technologies (Microlending)	
Oproepsentrum:	0861 514 131
Consumer Profile Bureau	
Telefoon:	011 278 3800
KreditInform	
Oproepsentrum:	011 777 2700
LexisNexis Risk Management	
Oproepsentrum:	021 565 9700

Credit Information Ombuds	
Oproepsentrum:	0861 OMBUDS (0861 662 837)

National Credit Regulator (NCR)	
Toll share:	0860 627 627 0860 NCR NCR
E-pos:	complaints@ncr.org.za